

Donderdag 16 Maart

Skrifgedeelte: Romeine 12:3-8; Galasiërs 5:22-25

Fokusgedeelte: Romeine 12:3b; Galasiërs 5:25

Vrug op gawes

Genadiglik het elke Christengelowige verskillende en afsonderlike genade-gawes van die Heilige Gees ontvang. Die klem lê op die genade van die *gawes*. Soms ontvang een persoon meer, of minder, *gawes* as 'n ander. Baie kere beskik baie van ons oor dieselfde *gawes* – alles geskenke uit die hand van God. *Gawes* wat strek van wysheid, die mate van geloof, onderskeidings-vermoë, tot die vermoë om in tale te kan praat en om dit uit te lê, om wonders te kan doen. *Gawes* wat deur die Heilige Gees aan ons uitgedeel is soos wat Hy (die Heilige Gees) dit goedge-dink het. *Gawes* wat Hý aan ons individueel en afsonderlik gegee het om geestelik reg te kan funksioneer.

Tog moet ons nie die *gawes* met die *vrug* van die Gees verwar nie. Dit wat vanuit hierdie verskeidenheid *gawes* uitvloei, is die *vrug* van die Gees. Waar die *gawes* onder gelowiges verdeel word, is al nege aspekte wat die *vrug* vorm – die een kan nie sonder die ander nie – deel van elke Christengelowige. Hoe meer ons die *gawes* gebruik, hoe groter en ryper en voller sal die *vrug* wees.

'n Lewe vol van die Heilige Gees vertoon die *vrug* van die Gees waar liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing sigbaar uitgeleef word. Daarom gebruik die Heilige Gees ons *gawes* om die *vrug* te laat groei. Dit is as't ware die *oes* op die *gawes*.

Laat elkeen dan ons *gawes* gebruik om die *vrug* te dra, want 'n boom sal aan sy vrug(te) geken word ...

Sing: Skrifberyming 8-1:1, 2

Ds. JJ (Johannes) de Bruyn (Harrismith)